

HOOFSTUK TWEE.FAKTORE WAT LEESBEGRIP KAN BEÏNVLOED.A. Die aard van die leesproses.

In die vorige hoofstuk is gemeld hoedat die opvattings insake die aard en die doel van die leesproses van tyd tot tyd verander het.

Die aanlering van lees is 'n vorm van persepsuele-motoriese leer.¹ By die aanleer van lees moet eers sekere motoriese gewoontes gevorm word. By hardoplees moet die oog langs die geskrewe reël beweeg om die woorde retinaal waar te neem. Daarna moet die motoriese sentrum van die brein sekere spiere wat die spraakorgane beheer, in werking stel om die klanke en woorde uit te spreek. By stillees word die gebruik van die spraakorgane uitgeskakel, hoewel fluisterlees en lipbewegings dikwels by kinders opgemerk word.

Lees is egter ook 'n vorm van persepsuele leer, d.w.s. die woorde en letters moet nie net retinaal nie, maar ook kortikaal waargeneem word. Die geskrewe taal moet dus ook herken en geïnterpreteer word. Die waarnemings moet egter ook bewaar of onthou word, sodat hulle later weer herroep en gereproduseer kan word.

Lees is egter ook 'n vorm van konsepsuele leer, omdat die leser nie net herken, assimileer en reproduceer nie, maar ook begrippe verwerf deur induksie en deduksie. In die leesproses moet die leser ook deur die denke die probleme wat daar gestel word, oplos, of die oplossing wat gegee word stap vir stap nagaan en kontroleer.

1. Coetzee, Prof, dr. J.Chris: „Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde“, bl. 125 -126.

Lees is dus 'n proses van motories-persepsueel-konsepsuele leer en nie net 'n persepsueel-motoriese proses soos dit so dikwels deur aanhangers van die meganistiese skool beskou word nie. Die gevolg van so 'n wanopvatting was dat leesonderrig 'n doel op sigself geword het en die doel en funksie van leesonderrig uit die oog verloor is.

Die leesproses is 'n fisiologies-psigologiese aktiwiteit wat as einddoelstelling leesbegrip het, d.w.s. die herkennde, denkende en waarderende assimilasië, seleksie en reproduksie van leesmateriaal. Aldus gesien is die leesproses gebaseer op sekere fisiologiese en psigologiese vermoëns van die leerling. Albei hierdie groepe vermoëns moet harmonies ontwikkel word, want die verwaarloosing van een van hierdie groepe vermoëns sal nie alleen daardie besondere vermoëns benadeel nie, maar ook die doeltreffende ontwikkeling van die leesvermoë en ook die ontwikkeling van die begripsvermoë en leesbegrip strem.

In die volgende paragraaf word daarom kortliks aandag gegee aan die verskillende fisiologiese en psigologiese faktore wat die leesproses en dus ook leesbegrip kan beïnvloed.

A. Fisiologiese faktore.

Gedurende die vyf voorskoolse jare is die klein kind besig met die aanleer van spraak en die ontwikkeling van sy taalvermoë. Die ontwikkeling van spraak is noodsaaklik nie alleen vir die algemene taalvermoë nie, maar ook vir die groei van die woordeskat. Vir die ontwikkeling van spraak, daardie hoogs gespesialiseerde fisiologies-psigologiese proses, is sekere fisiese en psigiese vermoëns apriories. Die vernaamste fisiologiese vermoëns is die

=====

produksie van klank deur die spraakorgane en die oudi-
tiewe of visuele waarneming van gesproke en geskrewe taal.

1. Asemhaling en klankvorming.

Byuitaseming bring die menslike spraakorgane geluide voort wat uit 'n gekompliseerde groep note van verskillende frekwensie en intensiteit bestaan. Verskille in die frekwensie, soos deur die strottehoof met sy ingewikkelde kraakbeensisteam en spierstelsel geproduseer, is die essensiële karaktertrek van die fisiese aard van spraak. In die proses van konsonantvorming speel die kleintongetjie, die keelholte, die verhemelte, die neusholte, die tong, die tande en lippe elkeen 'n besondere rol om die nodige geruise en byklanke voort te bring.

Die toonhoogte van die menslike stem varieer van ongeveer 90 tot 300 trillinge per sekonde. Elke klank word egter deur beide 'n hoë en 'n lae frekwensie gekenmerk. So byvoorbeeld het die [u:] in ploeë 'n lae frekwensie van 400 en 'n hoë frekwensie van 800 trillinge per sekonde. Die hoogste frekwensie van 8,000 trillinge per sekonde word deur die s-klank behaal. Al hierdie klanke val binne die grense van normale gehoorsdiskriminasie, aangesien die menslike oor klanke van tussen 20 en 25,000 trillinge per sekonde kan waarneem.² 'n Kenmerk van die kwaliteitsklanke in die menslike stem is dat hulle gewoonlik 'n hoë frekwensie maar 'n lae intensiteit het.³

Korrekte asemhaling speel 'n belangrike rol by spraak en hardoplees. Hoewel asemhaling 'n refleks-handeling is, kan die asemhaling in 'n groot mate deur die wil gekontroleer word. Verkeerde asemhaling soos sleutelbeen- en buik-
asemhaling, kan die kwaliteit van luidlees benadeel.⁴

2. Sandiford, Peter: "Educational Psychology", bl. 86-87.

3. Ewing, Alex: "Aphasia in Children", bl. 55.

4. Seth and Guthrie: "Speech in Childhood", bl. 10-11.

2. Ouditiewe waarneming van geluid.

Hierdie klanktrillings laat die trommelvlies van die oor tril. Die trillings word deur die hamer, aambeeld en stiebeuel van die middelloor na die ovale venstertjie oorgedra. In die inwendige oor word die trillings van die perilimf en die endolimf deur die klein haarselletjies met hulle wimperhaarkroontjies in die orgaan van Corti omgesit in senuprikkels wat deur die gehoorsenu na die brein gelei en as geluide waargeneem word.

Kinders wie se ouditiewe waarneming van klank gebrekkig is, sal as gevolg daarvan ook gebrekkig praat, gebrekkig lees en dus nie normaal kan vorder in die gewone skool nie.

Gehoorgebreke kan van drieërlei aard wees, nl. gebrek aan gehoorskerpte as gevolg van 'n te lae frekwensie van die klanke en die ongevoeligheid van die oordrom; gebrek aan gehoordiskriminasie deurdat die hoë frekwensie van klanke nie waargeneem kan word nie en derdens gebrekkige gehoor-geheue-span.

Navorsing in verband met gehoorgebreke en die invloed daarvan op leesbekwaamheid, het aan die lig gebring dat 'n klein persentasie gehoorverlies ernstige leesmoelikhede as gevolg het.⁵ Monroe⁶ beweer dat hierdie gebrek meer dikwels voorkom as wat vermoed word. Hoewel Witty en Kopel⁷, asook Gates⁸, vind dat die korrelasie tussen gebrek aan gehoorskerpte en mondelinge leesbekwaamheid gering is, daar tog 'n groter mate van gehoorverlies

=====

5. Robinson, H.: "Why Pupils Fail in Reading", bl. 51.

6. Monroe, M.: "Children who cannot Read", bl. 106.

7. Witty and Kopel: "Reading and the Educative Process", bl. 226.

8. Gates, A.I.: "The Measurement and Evaluation of Achievement in Reading", 36th Yearbook, National Soc. for the Study of Educ., Part I, bl. 214.

by swak as by goeie lesers voorkom. Kennedy⁹ het ook gevind dat hardhorende kinders meer geneig is om swak lesers te word as kinders met normale gehoorskerpthe. Ewing¹⁰ het in sy navorsing gevind dat twee van sy ses proefpersone nie in staat was om toonhoogtes hoër as 4,096 trillings per sekonde waar te neem nie, terwyl geeneem van sy ses proefpersone in staat was om toonhoogtes bo 8,000 trillings per sekonde waar te neem nie. Vermoedelik kom die gebrek meer algemeen voor as wat vermoed word, aangesien dit moeilik is om vas te stel wanneer kinders aan sommige gehoorgebroke ly.¹¹

Daar bestaan nog geen betroubare toetse vir gehoor-geheue-span nie en die resultate van navorsing in hierdie verband is as gevolg daarvan en die talle ongekontroleerde faktore in die eksperimente, van weinig waarde.¹²

Kinders wat aan ernstige gehoorverlies of gebrekkige gehoordiskriminasie ly, sal as gevolg daarvan ook spraakgebroke vertoon. Hulle sal dikwels bevele verkeerd verstaan en geneig wees om veral aan die end van 'n woord uitspraakfoute te maak.¹³ Afgesien daarvan dat die taal

vermoë van sulke kinders nie normaal mag ontwikkel nie, bestaan die gevaar dat sekondêre, emosionele faktore as gevolg van die gebrek, nadeliger gevolge vir die leesontwikkeling

9. Kennedy, H.: "A Study of Children's Hearing as related to Reading", Journ. of Exper. Psychology, X, June 1942, ble. 238-251.

11. Ewing, Alex: "Aphasia in Children", bl. 109.

12. Die enigste betroubare gehoortoets word met 'n oudiogram in 'n klankdigte kamer gedoen, hoewel geneeshere ook van die Rinnetoets gebruik maak. Die Rinnetoets bestaan daarin dat 'n stemvurk op die mastoïde gedruk word totdat die pasiënt nie meer die trillings kan voel nie. Daarna word die stemvurk onmiddelik weggeneem en voor die oor gehou. Indien die pasiënt die trillings weer kan hoor, is die gehoor nog skerp genoeg.

13. Robinson, H.: "Why pupils Fail in Reading", bl. 56.

14. Monroe and Backus: "Remedial Reading", ble.17-33.

kan hê as die gebrek self. Sulke sekundêre faktore kan ook as gevolg hê dat leerlinge 'n verkeerde houding teenoor hardoplees mag inneem en dat hierdie antipatie ook oorgedra word op stillees en begripslees.

3. Visuele waarneming van geskrewe taal.

Fisiese ligprikkelers speel 'n belangrike rol in ons visuele waarnemingswêreld in die algemeen en in die aanlering van lees in die besonder. Sonder ligprikkelers sou ons nie die objektiewe wêreld kon ken soos ons dit nou kan leer ken nie. Die aard van hierdie prikkelers, nl. die intensiteit en die golflengte daarvan, bepaal die stimulering van die netvlies.

Die helderheid van die beeld is afhanklik van die intensiteit van die ligprikkel, die grootte van die pupil, die aanpassingsvermoë van die lens en die gedeelte van die netvlies waarop die beeld geprojekteer word. Ten einde te verseker dat die beeld op die fovea centralis geprojekteer word, word die oog deur die oogspiere gedraai. Vanaf die netvlies word die gesigsindrukke deur vier senubundels na die brein oorgedra.¹⁴

Gesigsgebreke soos verkeerde oogbewegings en straalbrekingsmoelikhede, nl. algemene gebrekkige gesigskerpte, myopia, hipermetropia en astigmatisme, asook gebrekkige ko-ordinasie, nl. exophoria, isophoria en diplopia, kan leesmoelikhede as gevolg hê. Verkeerde oogbewegings kan ook die leestempo beïnvloed en daarom word dit in 'n latere hoofstuk vollediger bespreek.

Die algemene bevinding van navorsers is dat gebrekkige algemene gesigskerpte geen ernstige moeilikheid

14. Hattingh, J.M.: "Die Vraagstuk van die Waarneming van visuele Bewegingsillusie. Histories, Prinsipieël en Eksperimenteel ondersoek." D.Phil. verhandeling, ble. 2 - 4.

is nie vir sover dit die leesvermoë betref, omdat daar geen opmerkbare verskille in die leesbekwaamheid van kinders met swak oë en kinders met goeie gesig op te merk is nie.¹⁵

Volgens Taylor¹⁶ se resultate het 51% van die 387 erkende goeie lesers en 28% van die honderd swak lesers aan myopia gely. Blake en Dearborn¹⁷ het gevind dat goeie lesers net so veel aan hierdie gebrek ly as swak lesers, hoewel sommige swak lesers 'n merkwaardige verbetering in hulle leesbekwaamheid getoon het nadat die gebrek deur 'n bril gekorrigeer is. Hierdie gebrek word volgens Eames¹⁸ deur verkeerde leeshouding, gebrekkige of verkeerde beligting van klaskamers, onduidelike druk in leesboeke, en ondoelmatige skoolbanke vererger.

Hipermetropia kom volgens Lucille Cole¹⁹ by ongeveer sestig persent van alle skoolkinders voor. Helen Robinson²⁰ stel die persentasie veel laer omdat sy dit by slegs 28% van haar proefpersone gevind het.

Hoewel Witty en Kopel²¹ beweer dat astigmatisme geen onderskeidende faktor tussen swak en goeie lesers is nie, stel Fendrick²² die persentasie lyers aan astigmatisme baie hoog, terwyl Betts²³ ook gevind het dat meer as 'n derde van sy proefpersone astigmaties in beide oë was.

=====

15. Collins, S.D.: "Eyesight of the School Child as determined by Snellen Tests", Public Health Report No. 975, bl. 37.

16. Taylor: "Controlled Reading", bl. 183.

17. Blake and Dearborn: "The Improvement of Reading Ability", Journ. of Higher Educ., Vol. VI, Febr. 1935, ble. 83-88.

18. Eames, Thomas: "A Comparison of the Ocular Characteristics of unselected and reading disability Groups", Journ. of Educ. Research, Vol. XXV, March 1932, ble. 211-215.

19. Cole, Lucille: "The Improvement of Reading", bl. 28.

20. Robinson, Helen: "Why pupils Fail in Reading", bl. 223.

21. Witty and Kopel: "Reading and the Educative Process", bl. 457.

22. Fendrick: "The visual Characteristics of Poor Readers", bl. 47.

23. Betts, E.: "The Prevention and Correction of Reading Difficulties", bl. 156.

Parkins²⁴ het in sy ondersoek gevind dat, as gevolg van defektiewe fiksering, beide oë nie gelykmatig fikseer nie, met die gevolg dat die brein twee beelde ontvang. 'n Dergelike gebrek wat deur Dearborn²⁵ „aniseikonia” genoem word, is by 51% van 'n groep swak lesers opgemerk.

Hoewel die belangrikheid van ooggebreke in die veroorsaking van leesgebreke vandag nie meer soveel aandag geniet as in die dertigerjare nie, besef alle onderwysers dat ooggebreke stremmend is en indien nie gekorrigeer nie, later tot ernstige en selfs onherstelbare skade aanleiding kan gee. Daarom kan die implikasies van die hele vraagstuk van ooggebreke opgesom word in die woorde van Gray²⁶:

„Many pupils read well in spite of visual defects and they might read better or with less discomfort if such defects were corrected or eliminated”.

Uit die navorsing is dit geensins duidelik of gesigsgebreke ernstige gevolge op die leesontwikkeling van leerlinge het nie. Indien die gebreke van so 'n ernstige aard is dat die normale waarneming daardeur belommer word, sal dit ook die leesvaardigheid van so 'n leerling benadeel. Indien die leesvaardigheid benadeel word, sal ook die leesbegrip, al is dit slegs die tempo van begrip, benadeel word.

=====
24. Parkins, C.: „The Diagnosis and Elimination of Visual Handicaps preventing Efficient Reading”, bl.12.

25. Dearborn and Anderson: „Aniseikonia as related tot disability in Reading”, Journ. of Exper. Psychol Vol. XXIII, Dec. 1938, bl. 560.

26. Gray, in samewerking met Durrell, Gates, Horn en McKee: „Reading”, Review of Educ. Research, Vol.VII, Dec. 1937, bl. 505.

4. Fisiese gebreke en leesmoeilikhede.

Die resultate van navorsing in verband met die invloed van ander fisiese gebreke op die leesbekwaamheid van leerlinge is baie uiteenlopend. Eames²⁷ beweer dat kliermoeilikhede 'n belangrike oorsaak van leesmoeilikhede is, terwyl Mateer²⁸ pituitêre kliermoeilikheid en Robinson²⁹ hypothyroidisme by swak lesers opgemerk het. Robinson³⁰ beweer ook dat endokrine-moeilikhede 'n slegte invloed op die skoolprestaties en sosiale aanpassingsvermoë van kinders het. Clowes³¹ het wanvoeding aangestip as oorsaak van leesmoeilikhede, terwyl Witty en Kopel³², Monroe en Backus³³ en Clowes³⁴ septiese mangels as 'n moontlike oorsaak noem.

Afgesien van die moontlike nadelige invloed van fisiese gebreke op die skoolbesoek van leerlinge, som Betts³⁵ die probleem soos volg op:

"Neither good nor poor readers should work under physical handicaps which can be corrected."

Uit die resultate van bogenoemde navorsing insake fisiese gebreke en hulle invloed op leesbekwaamheid, lyk dit onwaarskynlik of fisiese gebreke 'n ernstige invloed op leesbegrip kan hê, behalwe in gevalle van baie ernstige aard. In sulke gevalle sal die leerlinge ook nie in staat wees om die gewone skool te besoek nie.

27. Eames: "A Frequency Study of Physical Handicaps in Reading Disability", Journ. of Educ. Research, XXIX, Sept. 1935, ble. 1 - 5.

28. Mateer: "A First Study of Pituitary Disfunction", Psychol. Bulletin, XXXII, 1935, bl. 736.

29. Robinson: "Why pupils fail in Reading", ble. 228-229.

30. Robinson: op cit. bl. 229.

31. Clowes: "The Reading Clinic", Elementary English Review, VII, April 1930, ble. 98 -111.

32. Witty and Kopel: "Reading and the Educative Process", bl. 218.

33. Monroe and Backus: "Remedial Reading", bl. 30.

34. Clowes: op cit. bl. 101.

35. Betts: "The Prevention and Correction of Reading Difficulties", bl. 240.

5. Die invloed van Neurologiese gebreke op leesbekwaamheid.

Godurende die negentiende eeu het voral medici navorsing gedoen in verband met die neurologiese oorsake van leesgebreke. Veral twee aspekte van die probleem het baie aandag geniet, nl. beskadiging of gebrekkige ontwikkeling van die brein, en die vraagstuk van links- en regshandigheid. Onder invloed van die frenologie wou medici die spraaksontrum in die brein lokaliseer omdat hulle geglo het dat beskadiging van hierdie sentrum aphasia, amnesia en alexia as gevolg sou hê.³⁷ Hoewel hierdie navorsing vanuit 'n mediese standpunt gesien, seker belangrik is, is meestal patologiese gevalle wat nie in die gewone skool tuishoort nie, deur hierdie groep navorsers ondersoek.

Die vraagstuk van links- en regshandigheid is meer aktueel, omdat sulke kinders gewoonlik moeilikheid kry in 'n samelewing wat sy hele organisasie ingestel het op regshandige bewegings. Die vraagstuk van spieël-skrif is ook patologies³⁸ en hoewel dit somtyds by leerlinge godurende hulle eerste skooljaar opgemerk word, skyn dit geen verband met lees te hê nie. Die ondersoek van Orton³⁹ in verband met die uitspraak van antitropiese letters en woorde word nie deur Gates⁴⁰ as van belang vir leesonderrig beskou nie.

Die neurologiese oorsake van leesgebreke kom baie selde by normale leerlinge voor. Daarom is dit 'n vraagstuk wat nie van aktuele belang vir die onderrig van stillees en begripslees is nie.

36. Weisenburg and McBride: "Aphasia, a clinical and Psychological Study", bl. 7.

37. Weisenburg and Mc.Bride: bl. 458.

38. Critchley: "Mirror-writing", ble. 8 -69.

39. Orton: "Reading, writing and Speech problems in Children".

40. Gates, A.I.: "Interest and Ability in Reading", bl. 349.

6. Die vraagstuk van verstandelike aanleg en lees-
bekwaamheid.

Navorsers is glad nie eens omtrent die moontlike invloed van verstandelike aanleg op leesbekwaamheid nie. Verskillende navorsers het korrelasies tussen I.K. en leesbekwaamheid uitgewerk wat wissel van 'n lae 0.21⁴¹ tot 'n hoë 0.71⁴².

Die rede waarom daar nie eenstemmigheid bestaan oor die korrelasie tussen intelligensie en leesbekwaamheid nie, kan gevind word in die verskil in opvatting insake die aard van leesbekwaamheid en intelligensie. Sommige navorsers verstaan onder leesbekwaamheid die meganiese bedreuenheid om woorde te herken, terwyl ander leesbekwaamheid beskou as die vermoë of bekwaamheid om te begryp wat gelees is. Die opvatting insake die aard van die intelligensie verskil ewe groot.

Hierdie verskil in opvatting insake leesbekwaamheid en intelligensie, is ook die rede waarom Roger Lennon⁴³ beweer dat die korrelasie tussen intelligensie en leesbekwaamheid 'n funksie van ouderdom is en geneig is om hoër te word namate die leerlinge ouer word. Hieruit kan afgelei word dat by jong kinders die korrelasie tussen intelligensie en motoriese leesbedreuenheid laag is, maar dat die korrelasie hoër word namate die leerlinge ouer word en die vereistes vir lees verander vanaf blote verbalisme na begripslees.

=====
41. Gates and Bond: "Reading Readiness. A Study of factors determining Success and Failure in Beginning Reading", Teacher's College Records, XXXVII, May 1936, bl. 679-685.

42. Gates, A.I.: "The Psychology of Reading and Spelling, with special Reference to Disability", bl. 58.

43. Lennon, Roger: "The Relation between Intelligence and Achievement", Journ. of Educ. Psychology, XLI, May 1950, bl. 301.

Volgens Lister Wheeler⁴⁴ word die kar eintlik voor die pord gespan en moet die vermoë om te leer lees nie as maatstaf vir intelligensie gebruik word nie, maar eerder die vermoë om lees as instrument vir intelligente prestasies te gebruik.

7. Die invloed van die fisiologiese faktore op Leesbegrip.

Fisiologiese faktore speel 'n belangrike rol in die veroorsaking van leesgebreke. Die vermoë om te lees is afhanklik van die taalvermoë. Die menslike taalvermoë word ontwikkel deur die mens se kontak met die buitewêreld deur middel van sy sintuie. Indien die sintuie weens een of ander erflike of verworwe oorsaak swak fungeer, sal die taalvermoë anderssoortig ontwikkel en ook die leesvermoë anderssoortig moet ontwikkel. Die gesig- en gehoor-sintuig is nie alleen belangrik by die aanleer van spraak nie, maar ook belangrik by die aanleer van lees. Indien een van hierdie sintuie gebrekkig fungeer, sal die leesvermoë nie volgens gewone klassikale metodes van onderrig aangeleer kan word nie. In die gewone skool waar daar weinig voorsiening vir afwykende gevalle gemaak word, sal leerlinge met gesigs- en gehoorsgebreke ook leesgebreke vertoon.

'n Uitvloeisel uit hierdie leesgebreke wat primêr van oorsprong is, is die sekondêre of psigologiese leesgebreke, t.w. 'n negatiewe, apatiese of selfs antipatieke houding teenoor lees met 'n gevolglike gebrek aan aandag en belangstelling in lees. Die gevolg hiervan sal wees dat

=====

44. Wheeler, Lister: "The Relation of Reading to Intelligence", School and Society, CLXX, Oct. 1949, ble. 225-227.

leerlinge wel die motoriese vaardigheid kan aanleer, maar dat hulle as gevolg van hulle gesindhede swak sal lees en ook in stillees en begripslees swak sal prosteer.

Die doeltreffende funksionering van die liggaam en die sintuie kan dus as apriories vir doeltreffende lees beskou word. Die gebrekkige funksionering van een van die sintuie kan die leesontwikkeling primêr en sekundêr beïnvloed. Leesbegrip korreleer so hoog met die leesvermoë dat, indien die leesvermoë nie doeltreffend ontwikkel nie as gevolg van een of ander primêre of sekundêre oorsaak, ook die leesbegrip nie doeltreffend kan ontwikkel nie.

C. Psigologiese Faktore.

Om te kan lees moet die mens gebruik maak van sy sintuie. Die werking van die sintuie is afhanklik van drie werkinge van die menslike gees, nl. waarneming, geheue en denke.

Hoewel die potensialiteite om hierdie drie psigologiese vermoëns te ontwikkel by elke normale mens aanwesig is, ontwikkel elk van hierdie drie vermoëns op sy eie manier, volgens sy eie aard en doel en ook volgens sy eie tempo en ritme.

1. Die waarneming.

Waarneming is 'n werking van die persoonlikheid en by waarneming tree die persoonlikheid as 'n geheel op. Die menslike persoonlikheid bestaan as 'n eenheid en fungeer as 'n eenheid.⁴⁵ Die persoonlikheid tree in sy fisiese omgewing op deur verskillende werkinge. Elkeen van hierdie werkinge besit 'n "vryheid in eie bevoegdheid"⁴⁶

=====

45. Stoker, H.G.: "Die Wysbegeerte van die Skeppings-
idee", De Bussy, Pretoria, 1933, bl. 27.

46. Stoker, H.G.: op. cit. bl. 33.

en daarom kan elkeen van die modaliteite, indien nodig, afsonderlik optree.⁴⁶ Omdat die persoonlikheid egter altyd 'n ekstrinsieke en intrinsieke eenheid vorm, kan geen afsonderlike werking geheel en al los van die persoonlikheid optree nie; dit beïnvloed steeds die hele persoonlikheid en word deur die hele persoonlikheid geleid en beïnvloed.

In die persoonlikheidsstruktuur kan sekore lae onderskei word, nl. die fisiko-chemiese, die bioties-fisiologiese, die bioties-psigiese en die goestelik-psigiese lae. Die orgaanswerking van die sintuie is gefundeer in die bioties-fisiologiese laag, terwyl die gehoue, intelligensie en alle sintuiglike gowaarwordinge by die bioties-psigiese laag tuis behoort.⁴⁷ In die goestelik-psigiese laag vind ons die hoër geestesprosesse soos denke, oordeel, begrip, appersepsie, waarneming en wilsbesluite. Hierdie lae is nie losstaande nie, maar met mekaar verweef en funksioneer as 'n eenheid onder leiding van die „ek“, wat selfverantwoordelik en selfbeheersend, dus idio-argies is.

Wanneer prosesse soos waarneming en denke plaasvind, tree die hele persoonlikheid met al die lae in werking. Dit is dus nie net die oog of die oor of die verstand wat waarnem nie, maar dis die hele persoonlikheid. Waarneming het dus 'n fisiologiese grondslag, maar dit integreer met die hoër geestesfunksies soos aandag, appersepsie en denke.

Lees is 'n waarnemingsakte, maar dis geen waarneming van dinge „an Sich“ nie. Dis die waarneming
 =====

47. Hattingh, J.M.: „Die vraagstuk van die Waarneming van Visuele Bewegingsillusie. Histories, Prinsipiël en Eksperimenteel Ondersoek“, bl. 61.

van die simbole van die skryftaal. Hierdie simbole in die skryftaal is ogter weer simbole van iets anders, aangesien die gesproke woord 'n simbool van die aanskoulike wêreld is en die geskrewe woord weer 'n simbool van die gesproke woord. is. Die woord is die begripsdraer wat deur 'n verskoidenheid van ervarings deur middel van die sintuie opgedoen is. Hierdie uiterlike indrukke word as totaliteite deur die sintuie opgeneem en hoewel die gowaarwordinge aan die begin baie diffuus en ongedifferensieerd is, word hulle geleidelik deur abstraksie van die buitewêreld losgemaak.⁴⁸ Deur aanskouing word die menslike gees verryk en begripsvorming moontlik gemaak. Waarneming berus dus hoofsaaklik op sintuiglike ervaring, geheue en fantasiebeelde, maar insonderheid op die werking van die psigiese totaliteit of persoonlikheid van die mens wat waarneem.⁴⁹ Wanneer nou as gevolg van psigiese en visuele prikkels persepsie plaasvind, is die waarnemingsakte nie volledig nie, want dan eers tree twee ander funksies van die waarnemingsakte, nl. aandag en appersepsie na vore.

2. Aandag, seleksie of opmerkzaamheid.

Wanneer, as gevolg van die prikkeling deur een of ander prikkel 'n prikkelkonstellasie opgebou is, word uit daardie prikkelkonstellasie sekere prikkels geselekteer. Hierdie proses van seleksie of aandagtoespitsing is afhanklik van sekere subjektiewe en objektiewe faktore.

=====
48. Groenewald, A.J.: „Die Sielkundige grondslag van Aanskouingsonderwys“, ble. 5 - 6.

49. Groenewald, A.J.: op. cit. bl. 9.

As gevolg van die seleksie word sekere prikkels uit die hele konstellasië bevoordeel, sodat hulle meer aandag soniet as die ander prikkels behorende tot dieselfde konstellasië. Aandag, seleksie of opmerkzaamheid is dus 'n selektiewe deklakte van die waarneming waardeur op sekere prikkels getot word, terwyl ander prikkels verontagsaam word.⁵⁰

By hierdie seleksie van prikkels kan die fisiese eienskappe van daardie prikkels, t.w. kleur, vorm, grootte, intensiteit, duur, ens., 'n belangrike rol speel. Die psigiese en fisiese toestand van die persoon ten tye van die waarneming, kan ook sy waarneming en aandag beïnvloed.

Die fisiese eienskappe van die prikkels afkomstig van 'n geskrewe blad verskil baie min van mekaar, t.o.v. kleur, grootte, intensiteit en duur. Uit die fisiese eienskappe van die woorde en sinne wat gelees word, kan leesfoute nie verklaar word nie. Hoewel aandagsverskuiwing dikwels by jong kinders voorkom, bied dit ook nie genoegsame verklarings vir alle leesfoute nie. Die oorsaak van sulke leesfoute moet dus nie in hierdie twee faktore gesoek word nie, maar wel in die appersepsie van wat gelees is.

3. Appersepsie.

Die aandag selekteer sekere prikkels vir nadere ondersoek en naderige bestudering, maar so 'n seleksie sou sinloos bly indien appersepsie nie plaasvind nie. Persepsie en seleksie van prikkels, hetsy visueel, auditief of taktueel, kan alleen sinvol word, d.w.s. deel van die menslike bewussynslewe, indien appersepsie plaasvind.⁵¹

50. Hattingh, J.M.: op. cit. bl. 71.

51. Bavinck: "Inleiding in de Zielkunde", bl. 91.

Appersepsie is die proses van aanvulling van dit wat waargeneem is. As gevolg van hierdie aanvullingsproses word die waarneming sinvol en word die hele waarnemingsakte verdiep en op 'n breër grondslag geplaas. Die persoon het nou bewus geword van wat hy waargeneem het, daarom moet 'n standpunt teenoor die waargenomene ingeneem word.

Die aanvullingsproses by appersepsie steun weer op sy beurt op die aanvullende werking van drie ander aspekte van die bewussynslewe, nl. die ken-, gevoels-, en strewingslewe.

a. Die Kenlewe.

Elke mens besit 'n sekere hoeveelheid kennis wat deur ervarende aanskouing van die werklikheid opgedoen is. Namate die werklikheid waargeneem word, word die menslike gees geleidelik gevul en word aan die objektiewe realiteit 'n subjektiewe idealiteit toegeken. Hierdie proses van begripsvorming word aangevul deur die geheue en fantasiebeeld. Wanneer die mens egter 'n begrip van 'n saak of voorwerp gevorm het, en aan hierdie begrip 'n naam toegeken het, het die kennis intellektueel geword.

Wanneer nou 'n nuwe ervaring plaasvind, word die nuwe waarneming met vorige dergelike waarnemings vergelyk en indien nodig, aangevul tot 'n sinvolle geheel. Vorige kennis en ervaring help mee om deur die proses van aanvulling die waarneming sinvol te maak.⁵² Saam met die aanvulling vind daar 'n gedurige vergelyking plaas. Hierdie twee prosesse word verder deur logiese redenerings aangehelp.

Indien die denkende mens nou voor 'n

52. Groenewald, A.J.: op. cit. bl. 9.

probleem geplaas word waar die prosesse van vergelyking en aanvulling nie voldoende is nie, word aan hom 'n geestelike uitdaging gerig. Volgens die feite tot sy beskikking en op grond van vorige ervaring en kennis, word na aanleiding van die uitdaging na 'n oplossing gesoek. Hier tree die hele persoonlikheid weer na vore en word 'n moontlike oplossing aan die hand gedoen. Hierdie soeke na 'n bevredigende oplossing vind veral onder aansporing van die wil plaas. Voordat die oplossing gevind is, is daar 'n mate van spanning wat eers verlig word wanneer uit die moontlike oplossingskemas die korrekte gekies is.

Dit kan egter gebeur dat die persoonsuele prosesse nie volledig is nie en nie op een van die bogenoemde maniere aangevul kan word nie. Hoewel die oplossing nie deur middel van een van die genoemde metodes gevind kan word nie, sal die persoon nogtans 'n oplossing probeer kry deur duiding. Duiding is die singewing van die waargenomene op grond van onvoldoende of selfs verkeerde gronde.⁵³ Aangesien duiding berus op onvoldoende gegewens, moet daardie gegewens tog op een of ander manier aangevul word. Dit is juis by hierdie aanvulling waar die gevoel meehelp om die onvoldoende gegewens op sy eie manier aan te vul om sodoende 'n oplossing te verkry.

b. Die gevoelslewe.

Hoewel dit nie ontken kan word nie dat die gevoelslewe 'n waardevolle bydra kan lewer tot die waarnemingsakte, kan dit egter maklik aanleiding gee tot verkeerde aanvulling. By sintuiglike waar-

53. Hattingh, J.M.: op. cit. bl. 73 v.v.

neming speel die gevoelslewe veral 'n rol by illusio-
nêre waarneming. By waarneming van die sg. „spook-
verskynsels" het ons te doen met 'n geval waar die
gevoelslewe as gevolg van onvoldoende en onvolledige
waarneming as gevolg van onvoldoende intensiteit van
die prikkels, die waarneming moet aanvul. Hier het die
gevoelslewe by baie vae waarnemingsobjekte aanvullend
opgetree en deur aanvulling 'n subjektiewe kleur aan
die waarnemings gegee. Onvoldoende waarneming, wat
deur duiding aangevul moet word, gee aanleiding tot
foutiewe waarneming. Waar die intellektuele aspek
van die persoonlikheid oorheers, is daar minder ge-
leentheid tot foutiewe waarneming, maar wanneer die
gevoels- en emosionele aspekte oorheers, is die kans
groter.

c. Die Strewingslewe.

Die mens as waardebepalende wese kan sy
drange en drifte in 'n groot mate onder beheer hou,
veral wanneer sulke drange en drifte nie inpas in die
sisteem van waardes wat elke mens opgebou het. nie.

Voordat oorgegaan kan word tot 'n wilsdaad,
moet eers aan die daad gedink word, en die moontlike
resultate oorweeg word voordat oorgegaan kan word tot
'n wilsbesluit. Hierdie wilsbesluit is afhanklik van
die invloed van 'n groep verstands- en temperaments-
faktore. Die verstandsfaktore is alreeds bespreek
en onder die temperamentsfaktore is die vernaamste
die graad van emosionaliteit of die vatbaarheid vir
emosionele aandoenings en die nawerking van sekere
bewuste geestesinhoudes of sekondêre funksie. 'n Te
groot emosionaliteit kan ontsprekend wees vir die
denke en kan aanleiding gee tot baie onbetroubare
waarneming.

Die wilslewe bepaal die rigting en die intensionaliteit van die denke, terwyl die denke op sy beurt weer aanleiding gee tot 'n wilsbesluit en 'n wilsdaad. By die massagies kan emosionele opsweping aanleiding gee tot 'n wilsbesluit en 'n wilsdaad om uiting te gee aan daardie emosionele spanning. In watter mate emosionaliteit aanleiding kan gee tot verkeerde waarneming en appersepsie blyk uit die getuienis van waargenome "feite" in sake waarin emosie 'n groot rol speel. Hoe verskillend sien 'n groep mense nie dieselfde gebeurtenis of groep gebeurtenisse nie!

Hoewel die wilslewe die dryfkrag agter die menslike denke en handel is, word dit op sy beurt weer deur die kenlewe en gevoelslewe beïnvloed en in sommige gevalle, waar die disintegrasie van kenwils- en gevoelslewe nog nie plaasgevind het nie, selfs daardeur beheer.

4. Die invloed van waarneming, aandag en appersepsie op Leesbegrip.

Nadat die algemene psigologiese faktore wat leesbegrip kan beïnvloed, nou behandel is, moet nou gelet word op die invloed hiervan op leesbegrip.

Wanneer 'n leerling in 'n leessituasie gestel word, word voor hom 'n prikkelkonstellasie in die vorm van 'n groep ligprikkel wat retinaal en kortikaal waargeneem moet word, gestel. Hierdie visuele prikkels verskil weinig van mekaar t.o.v. hulle fisiese eienskappe en die betekenis wat aan hulle geheg word, is afkomstig van die begrippe waarvoor hulle as simbole dien.

Die funksie van die oog by lees is om daardie

ligprikkelers so snel moontlik waar te neem deur sprongsgewyse horisontaal langs die leesreël te beweeg. Namate die leesvermoë ontwikkel, word die spronge of herkenningsomvang geleidelik langer. Dit is egter moeilik vir die leser om aandag aan sekere prikkels te gee ten koste van ander omdat die prikkels so min van mekaar verskil t.o.v. hulle fisiese eienskappe. Wanneer sekere letters of woorde egter anders gedruk is, groter gedruk is, of onderstreep is, sal sulke woorde noodwendig meer aandag geniet as die ander. Uit voorlopige resultate van Dearborn e.a.⁵⁴ blyk dat, indien leerlinge by hardop-lees sekere woorde wat die skrywer geaksentueer wil sien, beklemtoon, hulle in 'n begripstoets beter presteer as wanneer daardie woorde gewoonweg gelees word. Die enigste verklaring vir hierdie verbeterde prestasie moet gesoek word in die doelbewuste verskerping van die aandag en toespitsing van die opmerkzaamheid op sekere begripwoorde.

Die resultate van 'n eksperiment deur Jean Chall⁵⁵ uitgevoer, dui aan watter invloed kennis omtrent die inhoud van leesmateriaal op leesbegrip het. Chall het honderd leerlinge tussen die ouderdomme van elf en dertien jaar vyftien leesstukke oor gesondheidsleer en tuberkulose laat lees. Daarna het sy resultate in die „Health Paragraph Test“ vergelyk met prestasies in die Stanford leestoets en gevind dat die korrelasie wissel vanaf 0.72 vir graad ses (ongeveer standaard vier) tot 0.76 vir graad agt.

=====

54. Dearborn, Johnston and Carmichael: „Oral Stress and Meaning in Printed Material“, Science, CX, Oct. 14, 1949, bl. 404.

55. Chall, J.S.: „The Influence of Previous Knowledge on Reading Ability“, Educ. Research Bulletin, Vol. XXVI, Dec. 10, 1947, bl. 230.

Hieruit lei .Chall af dat hoe groter die algemene kennis van higiëne en tuberkulose is, des te beter word die leesmateriaal oor daardie onderwerpe begryp.

Alle kenwerkinge gebruik geestesenergie en vermoeidheid tree in nadat te veel geestesenergie verbruik is. Die menslike gevoelslewe kan in 'n groot mate die vloei van geestesenergie beheer. Waar sekere woorde meer affektief-belaai is as gevolg van assosiasie met vorige ervaring, sal die lees van daardie woorde 'n groter mate van geestesenergie verbruik as andere. Dit bied 'n moontlike verklaring waarom mense wat liggaam-
like arbeid verrig en geestesenergie daarmee verbruik, veel meer belangstel in ligte ontspanningsleesstof. Te veel emosionaliteit ontspoor die denke. Daarom dat kinders dikwels bekende woorde verkeerd lees as gevolg van die emosies wat daardie woorde opwek en die gevolglike afleiding van die aandag en ontsparing van die denke.

Die sterkte van die kenproses kan deur opsetlike strewing beheer word, deurdat dinge of sake waaraan ons aandag moet of wil gee, ons sterker tref as andere waaraan ons geen aandag wil gee nie. Deurdat ons sterker deur sekere prikkels getref word, is die kans goed dat sulke prikkels sterker bewus sal word, gevolglik beter begryp sal word en ook langer onthou sal word. Daarom dat die leesdoel en die krag van motivering die leesbegrip kan beïnvloed.

Die Duitse Denkpsigologie lê besondere klem op die rol wat die determinerende tendense, of te wel wilsbesluite, kan speel in die antisiperende skemas by probleemoplossing. Volgens Otto Selz⁵⁶ lei die aanbieding van 'n probleemstelling tot 'n

56. Selz, Otto: „Komplextheorie und Konstellationstheorie“, Zeitschrift für Psychologie, 82-83, 1919-1920, bl.222.

wilsbesluit as gevolg waarvan sekere oplossingsmetodes deur die persoon antisiperend aangebied word. Dit lei tot sintese of „Komplexergänzung“. Indien die persoon 'n goeie taalbeheer en taalkennis het, sal so 'n persoon oor baie oplossingsmetodes beskik met die gevolg dat, sodra 'n wilsbesluit geneem is, die uitvoering daarvan makliker sal kan plaasvind.⁵⁷

Aangesien begripslees denkend lees is, kan 'n wilsbesluit om te verstaan wat gelees word, die resultaat van enige leestoets beïnvloed, mits daar nie ander stremende faktore optree nie. Maar selfs die sterkste wilsbesluit om te verstaan wat gelees word, sou onuitvoerbaar bly indien die persoon nie oor die denkmiddele, die taalvermoë, beskik nie. Die vorige kennis, die aard van die leesstof en die denkvermoë van die persoon sal dus in 'n groot mate die begripsmoontlikhede bepaal.

Begrripslees is egter ook waarderend lees. Daarom dat die leesdoel en die kinderlike belangstelling ook die leesbegrip kan beïnvloed.

5. Die invloed van leesdoel op leesbegrip.

a. Lees vir ontspanning.

In die moderne sosiale struktuur met al sy gejaagdheid en die gevolglike geestesspanning, is lees seker een van die goedkoopste en mees gesogte vorms van ontspanning.

Danksy die talle biblioteekdienste is boeke tans binne die bereik van elkeen. Die groot hoeveelheid leesstof wat tans beskikbaar is en die moontlike gevare wat swak leesstof op die onontwikkelde kind kan hê⁵⁸,

=====
57. Goldscheider: „Die Entwicklung des Verbalen Gedächtnisses im Alter von 6-18 Jahren“, Beihefte zur Zeitschrift für Angewandte Psychologie, Beiheft 64, 1932, bl. 48.

58. Thompson, D.: „Reading and Discrimination“, bl. 4.

maak dit vandag nog meer noodsaaklik dat die jong kind geleer moet word om krities te lees. Deur krities te lees, kan die gevaar van die opbouing van valse lewenswaardes verminder word.⁵⁹

Hoewel die aard van hulle taalgebruik, die intrige van die verhale en die aanbieding van die stof by die ligtere leesstof goen ernstige nadenke vereis nie, moet die invloed van sulke leesstof op die taalvermoë van die lesers nie onderskat word nie. Die waarde van ligte leesstof is veral tweërlei, nl. die verryking van die woordeskat en die opwekking van 'n gesonde leeslus.

Kinders lees dikwels slegs vir ontspanning. Hulle lees terwille van die verhaal. Daar kan nog geen sprake wees van estetiese waardering nie en nog minder van intellektuele waardering. Namate die intellek ontwikkel en die belangstelling meer spesifiek van aard word, sal die kind meer lees met 'n bepaalde doel voor oë. Hierdie stadium in die belangstelling in lees moet egter beskou word as voorbereidend vir die latere doelstellings nl. lees vir informasie en waardering.

Die gangbare opvatting, as sou die gewone publiek slegs fiksie lees, skyn volgens verslae van bibliotekarisse gedurende die afgelope jare, nie waar te wees nie.⁶⁰

=====

59. Reid, Chandos: "What are the skills for Modern Living", Progressive Education, Oct. 1951, bl.3.

60. "Afrikaners in Johannesburg Lees", Redaksionele oorsig oor die Jaarverslag van die Johannesburgse Openbare Biblioteek, "Die Brandwag", 2 Mei 1952, bl. 4.

b. Lees vir Informasie.

Informasie kan volgens die utiliteitswaarde daarvan in sekere groepe ingedeel word. Informasie kan nuttig wees vir die leser se beroep, sy algemene belangstelling in land- en wêreldsake, sy belangstelling in een of ander tydverdryf; verder kan dit gebruik word vir die bereiking van een of ander onmiddellike doelstelling of dit kan opgeteken of onthou word vir toekomstige gebruik. Daarom dat die aard van die werk, ambag of beroep van die leser, asook sy belangstelling, bepaal watter soort leesstof gelees sal word. Hierdie faktore sal gesamentlik ook bepaal watter leesmetode aangewend sal word, nl. 'n oorsigtelike, ekstensiewe of 'n stadige, intensiewe.

Volgens Marjorie Johnson⁶¹ is die belangrikste aspek van leesvaardigheid wat ontwikkel moet word, die vermoë om die aard van die leesaktiwiteit by die tipe van leesstof aan te pas. Die leesaktiwiteit van verskillende persone sal heelwat van mekaar verskil. Ook die leesaktiwiteit van dieselfde persoon sal van tyd tot tyd verskil. So byvoorbeeld sal 'n nuusbrokkie oorsigtelik deurgelees word, maar sodra dit die belangstelling wek, sal stadiger gelees word, terwyl sekere gedeeltes weer gelees en gememoriseer sal word. In hierdie geval kry ons dus eers die oorsigtelike leesmetode, daarna seleksie van leesstof wat lei tot denkende lees, memorisering en begripslees.

=====
 61. Johnson, M.S.: "Factors in Reading Comprehension", Educational Administration and Supervision, XXXV, Nov. 1949, ble. 385- 406.

In sy suiwerste vorm is lees vir informasie ook studielees, d.i. die doelbewuste, denkende assimilasie van feite en gegewens verstrekkend in die leesmateriaal. Yoakam⁶² onderskei drie tipes van studielees, nl. i. Observatiewe lees, waarby die leser alles wat gelees word as korrek aanneem, memoriseer en reproduseer sonder waardering, analise of denke.

ii. Assimilatiewe lees, waarby die leser begerig is om dit wat gelees is te verstaan, sy eie te maak en by toekomstige studielees daarvan gebruik te maak.

iii. Analitiese lees, waarby die leser krities lees en die skrywer se bevindings en feite noukeurig analiseer en deurdink. Dit is volgens Yoakam die hoogste vorm van studielees.

c. Lees vir waardering.

Waardering kan intellektueel of esteties van aard wees, hoewel dit nie noodwendig suiwer intellektueel of suiwer esteties hoef te wees nie.

Intellektuele waardering is die waardering van feite, gegewens en gevolgtrekkings waartoe die skrywer geraak. Vir doeltreffende begripslees en intellektuele waardering moet die leser gedurig noukeurig rekenskap gee van hierdie feite, gegewens en gevolgtrekkings van die skrywer. Namate hierdie dinge aanklank vind by sy eie oortuigings, en dinge bewys wat hy graag waar wil sien, sal daardie leesstof waardeur word. 'n Vurige voorstander van 'n sekere denkrigting sal 'n artikel oor daardie denkrigting alleen waardierend

=====

62. Yoakam, G.A.: "Reading and Study", ble. 118-119.

kan lees indien die skrywer deur sy feite en gegewens bewys dat daardie denkrigting die beste is.

„A thing of beauty is a joy for ever“. Met hierdie woorde van die digter Keats word kortliks opgesom wat met estetiese waardering hier bedoel word. Watter kunsvorm die skrywer gebruik, is nie hoofsaak nie. Hoofsaak is dat die kunswerk 'n skoonheidsont-roering in taal uitgedruk, moet wees. Daarom dat die ware kunstenaar sy hulpmiddels soos klankspeling, plastiek, styl, ritme, e.d.m. sorgvuldig sal kour en deur sy fyn gevoel vir die klankwaarde van woorde homself van die pseudo-kunstenaar sal onderskei.⁶³

Vir estetiese waardering is begrypend lees noodsaaklik. Daarom dat die kind geleidelik moet leer wat die vereistes vir die verskillende kunsvorme is. Hoewel die onderwyser aan die primêre skool geen doelbewuste lesse in kunswaardering behoort te gee nie, kan sorgvuldige loiding die jong kind 'n eie maatstaf vir waardering laat opbou. Voorlesings van mooi, treffende gedeeltes kan bydra tot die vorming van hierdie maatstaf. Hoewel die boeke van Sangiro, Van Bruggen en Malherbe te moeilik is vir die gemiddelde primêre leerling, geniet kinders in die hoogste klasse van die primêre skool voorlesings uit die werke van hierdie skrywers.

Om waarderend te lees, is taalkennis onontbeerlik. Taalkennis en taalbegrip beteken 'n begrip van woorde, sinne, paragrawe en die hele stuk, asook 'n begrip van die letterkundige verskynsels en beeldspraak in die leesstof. Die primêre skool lê die fondament vir hierdie taalbegrip, waarop die sekundêre en tertiêre onderrig voortbou.

=====
63. Schoonees, P.C. en van Bruggen, J.R.L.: „Inleiding tot die Studie van Letterkunde“, bl. 44-45.

d. Leesdoel en leesbegrip.

Die verskilte in die leesdoel is slegs gradueel en nie fundamenteel nie. Somtyds is die doel selfgenoegsaam soos by lees vir ontspanning, terwyl in ander gevalle soos by lees vir informasie, die onmiddellike doelstelling alleen 'n middel is tot 'n meer verderde doelstelling. Baie selde sal die leser vir homself duidelik kan formuleer wat eintlik die leesdoel is en heel dikwels kan die oorspronklike doelstelling verander word terwyl gelees word. Wat ook al die doelstelling is, sal die belangrikste doelstelling altyd moet wees om te begryp wat gelees is. Leesbegrip is die essensie van alle lees. Daarom moet die aard van die leesaktiwiteit en die leestempo bepaal word deur die begripsvermoë van die leser.

Husbands en Shores het gevind dat die leesbegrip gedeeltelik deur die leesdoel bepaal word⁶⁴. Ook Marjorie Johnson het vasgestel dat die leesdoel die tipe leesaktiwiteit bepaal.⁶⁵

Die taak van die onderwyser aan die primêre skool is dus omvattender as bloot net die onderrig van die motoriese leesgewoontes. Selfs al sou daar 'n merkbare vordering by begripsvorming en taalbeheer op te merk wees, is dit die taak van die onderwyser om die kinderlike belangstelling te lei en te bevorder. W.S.Gray⁶⁶ som die onbenydenswaardige taak van die

onderwyser in hierdie opsig soos volg op:

- =====
64. Husbands and Shores : „Measurement of Reading for Problem Solving. A critical review of the Literature“, op. cit., ble. 453 - 465.
65. Johnson, M.S.: „Factors in Reading Comprehension“, op. cit. bl. 401.
66. Gray, W.S.: „What is the evidence concerning Reading“, Progressive Education, Jan. 1952, bl. 107.

" On the basis of all facts available we may safely say that schools never faced as many challenging problems in promoting desirable reading interests and tastes as they do today".

6. Die invloed van gesindhede op leesbegrip.

Die mens is 'n denkende, aktief-willende en handelende wese, maar ook 'n waardebepalende wese, wat nie net indrukke wat tot sy goeie deuring weerkaats nie, maar dit ook normatief beoordeel. Om hierdie beoordeling te vergemaklik het elke mens 'n sisteem van waardes wat 'n deel vorm van sy lewensopvatting.

Hierdie individuele waardebeoordeling beïnvloed die persoon se gesindhede en houding teenoor sake, dinge en persone. Navorsing het aan die lig gebring dat hierdie gesindhede ook 'n invloed het op die persoon se leesbelangstelling en leesbegrip. Die bevindings van Bruner, Postman en McGinnies⁶⁷ suggereer dat die gesindhede van 'n persoon 'n belangrike rol mag speel in sy waarneming van woorde, frases en sinne, deurdat die persoon geneig sal wees om daardie woorde, frases en sinne wat aanneemlik is vir sy waardesisteem, beter waar te neem as ander wat onaanneemlik is. In sommige gevalle sal die persoon sekere woorde, frases en sinne wat onaanneemlik is, so interpreteer dat hulle wel aanneemlik is. Bartlett⁶⁸ het die waarneming van en die ghoue vir stories en prente bestudeer en gevind dat inhoud en herroeping van die waarneming deur die persoon se gesindhede beïnvloed

67. Bruner, J.S., Postman, L., and McGinnies, E.: "Personal values as Selective Factors in Perception", Journ. of Abnormal and Social Psychology, Vol. 43, April 1948, ble. 143 -154.

68. Bartlett, Sir Frederck: "Remembering", ble. 33 en 55.

word. Die bevindings van Lefford⁶⁹, Glaser⁷⁰, en Lund⁷¹ dui daarop dat gesindhede die logiese redenering, oordeel en selfs geloof in 'n groot mate beïnvloed, deurdat die persoon dit moeilik vind om te onderskei tussen wense, geloof en waargenome feite. McCaul⁷² het gevind dat, by die lees en reproduksie van feite, die gesindhede 'n minder belangrike rol speel. Wanneer die persoon egter afleidings uit daardie feite moet maak, sal die invloed van die gesindhede meer merkbaar wees, terwyl die invloed van gesindhede by 'n waardebepaling van wat gelees is, duidelik merkbaar sal wees. McKillop⁷³ se bevindings stem in hoofsaak ooreen met die van McCaul; haar proefpersone was geneig om alles waarvan hulle nie gehou het nie, as onsinnig en onwaar te bestempel. Ruth Strang beweer dat die gesindhede so 'n groot invloed op die leesbegrip het dat dit wil voorkom asof die mens met sy emosies lees.⁷⁴

Waples, Berelson en Bradshaw het gevind dat gesindhede die leesvermoë veral op twee maniere beïnvloed, nl. by die keuse van leesstof en in die waardering van wat gelees is.⁷⁵

=====
 69 Lefford, Arthur: "The Influence of Emotional Subject matter on Logical Reasoning", The Journal of General Psychology, Vol. 34, Jan. 1946, ble. 127-151.

70. Glaser, E.M.: "An Experiment in the development of Critical Thinking", bl. 141.

71. Lund, Frederick H.: "The Psychology of Belief", Journal of Abnormal and Social Psychology, Vol. 20, April 1925, ble. 63-81.

72. McCaul, Robert: "Effect of Attitude upon Reading Interpretations", Journ. of Educ. Research, Vol. 37, Febr. 1944, ble. 451-457.

73. McKillop, A.S.: "The Relation between Reader's Attitude and certain Types of Reading Response", ble. 74-77.

74. Strang, Ruth: "Exploration in Reading Patterns", bl. 172.

75. Waples, B., Berelson, B., and Bradshaw, F.R.: "What Reading does to People", bl. 222.

Uit die genoemde navorsing wil dit dus voorkom asof gesindhede 'n persoon se waarneming, leesvermoë, geheue, redenering en oordeel kan beïnvloed. Hieruit kan afgelei word dat gesindhede ook die leesbegrip moet beïnvloed.

McKillop⁷⁶ het gevind dat kinders in die elfde graad --ongeveer standerd nego -- baie uitgesproke is in hulle oordele. Sy neem dus aan dat hierdie leerlinge al 'n vaste waardesisteem opgebou het en dat die kweking van gesindhede die taak van die primêre skool is. Axelrod⁷⁷ daarenteen, beweer dat die ontwikkeling van die begripsvermoë in die primêre skool voorrang moet geniet en dat die kweking van gesindhede die taak van die sekondêre skool is.

Die laerskoolkind het nog goen vaste waardesisteem opgebou nie en is nog nie so vas aan sekere vooroordele en gesindhede nie. Die waarde van hierdie bevindings vir die onderrig van begripsloes lê daarin dat die aandag gevestig word op die noodsaaklikheid van motivering van leerstof en die kweking van gesindhede. Die kweking van gesindhede vorm 'n integrale deel van alle opvoeding en is nie die taak van een of ander spesifieke skool nie.

=====
76. McKillop, A.S.: op. cit. bl. 83.

77. Axelrod, J.: „Understandings, Attitudes and Skills in reacting to and using Ideas Read“, Uit: „Basic Instruction in Reading in Elementary and High Schools“, Proceedings of the Annual Conference on Reading, University of Chicago Press, bl. 237.